

oostvallei®

AFTREE-OORD

www.oostvallei.com

# Inhoud


Inleidend 2

Fasiliteite 3

Kliniek 4

Restaurant 6

Funksies & Konferensies 7

Sosiaal 8

Bestuur 9

Verkope 12

Padkaart 14

Terreinplan 15



**OOSTVALLEI AFTREE-OORD**

Privaatsak x 99166 | Garsfontein Oos | 0060

h/v Coley & Serene Str | Garsfontein | Pretoria

**Verkope:** Heiner Meyer Tel: 082 444 7388

**Bestuur:** Isabel van der Vyver & Hannetjie Myburgh Tel: (012) 993 9100

**Kliniek:** Lucie van Greunen & Linda Biagio Tel: (012) 993 9229

**Restaurant:** Istelle Behrens Tel: (012) 993 9230

**Haarsalon:** Kathy Kritzinger Tel: (012) 993 9227


www.oostvallei.com

# Inleidend

Oostvallei aftree-oord is geleë in die Ooste van Pretoria. Die 120 wooneenhede lê knus tussen die lower van skaduryke ou bome. Die ontwikkeling het vroeg in 1990 ‘n aanvang geneem en die eerste inwoners het hul intrek reeds 'n hele aantal jare gelede geneem.

Oostvallei se spoggerige, boomryke tuine met waterstroompies en die gemoedsrus dat ’n mens ter enige tyd veilig in die oord kan gaan rondstap, is van die faktore wat die oord aangenaam maak. Dis `n paradys in die kleine. So dink 'n mens na 'n besoek aan die oord wat op die hoek van Coley en Serenestraat, Garsfontein geleë is.

Die ontwikkelaars, die Meyer-familie, het geen koste ontsien om ’n aftree-oord te skep waar senior burgers volkome gemoedsrus kan geniet nie. Die eienaars se siening en filosofie was van die beplanningstadium af dat daar nie eenvoudig “'n dak oor die kop” verskaf moet word nie maar wel ’n lewenswyse wat aan Oostvallei se senior burgers in hierdie fase van hulle lewe in die eerste plek ’n aangename verblyf met rus, vrede, gemoedsrus, gemak en veiligheid bied.

“Die klem val op ’n aangename, rustige en ’n kommerlose oudag,” sê Mnr Heiner Meyer en sy vrou Dr Adé Meyer. Mnr Meyer en sy pa, Mnr Heinz Meyer, was die ontwikkellaars van die weelderige woonplek terwyl Mev Anna Meyer, Barbara en haar man Jacques van Niekerk, opgeleide tuinboukundiges, wat aan beide Safari Tuinsentrum en die eienaar-maatskappy, Oostvallei, verbonde is, vir die uitleg van die prentjiesmooi tuine verantwoordelik was. Kabbelende waterstrome wat tussen die subtropiese plante kronkel, skep ’n ongelooflike rustigheid wat moeilik te versoen is met die woelige stadslewe buite die hoê veiligheidsmuur wat die kompleks omring.






Die landskapontwerp, waterstrome en damme met hul eende en veilige wandelpaaie is kundig uitgelê met net die beste gehalte plante om in die winter net so goed te vertoon soos in die somer. Inheemse bome is behou, en nuwe bome is op geskikte plekke aangeplant.



Dit is die enigste oord wat deur die eienaars self ontwikkel is en hulle het al hul aandag daaraan bestee om daarvan 'n prag oord te maak.

# Fasiliteite

Die verskeie fasiliteite by Oostvallei sluit onder meer die volgende in:

### 1. Hoofgebou

Die hoofgebou is die hart van die hele oord. Dit is sentraal geleë en bestaan uit 'n eetsaal, 'n vergadersaal wat vergroot kan word om aan 'n spesifieke doel te beantwoord, 'n kroeg, haarsalon, administratiewe kantore, 'n biblioteek en sitkamer.



### 2. Eetsaal

Hier word daagliks goed gebalanseerde, smaaklike etes teen billike pryse verskaf. Slegs middagetes word bedien maar reëlings kan met die spysenier getref word vir groter maaltye en funksies soos partytjies, familiebyeenkomste en konferensies.



### 3. Vergadersaal

In die hoofgebou is daar ook 'n groot saal met 'n verhoog vir byeenkomste soos die algemene jaarvergadering, kerkdienste, opvoerings en allerlei uitstallings. Kleiner sale is ook beskikbaar.



### 4. Kroeg

Daar is verder 'n groot sitkamer met sateliet-TV, 'n eie kroeg,  biljart kamer en ook 'n biblioteek met 'n wye verskeidenheid boeke.



### 5. Administratiewe kantoor

Die oord se administratiewe kantoor wat met menige aspekte behulpsaam kan wees, gee die inwoners 'n groot sin van gemoedsrus. Die maandelikse rekeninge en heffings word onder meer hier geadministreer.



### 6. Posbusse

Die oord beskik oor sy eie privaatsak en inwoners se pos word sodoende daagliks afgelewer. Posstukke kan ook van uit die oord se gerief en veiligheid versend word.





© Oostvallei 2004/1

Fasiliteite

# Fasiliteite

## 7. Haarsalon

Die haarsalon in die hoofgebou geniet besondere aandag van veral die dames maar mans is ook gereelde besoekers. Die salon spesialiseer in sny, kleur, perm, tint, "highlights", "blow wave" en set. Kliente van buite die oord word ook verwelkom. Besprekings is egter noodsaaklik.



## 8. Wassery

Die wassery wat met `n muntstelsel werk, kan deur alle inwoners teen `n minimale koste gebruik word. Die masjiene maak dit baie gerieflik om groter items soos gordyne of lakens te was.



## 9. Sekuriteit

Daar is net een ingang tot die oord en die wagte is doelgerig opgelei om 'n puik diens te lewer. Dit maak toegangsbeheer maklik en opsigtelik. Digitale kameras is op strategiese plekke in en om die oord geplaas.



Die oord is met 'n hoë betonmuur en 'n geëlektrifiseerde heining bo-op, omring. Dit is ook in sones opgedeel vir doeltreffende inspeksie, veral in nood situasies. Die bestuur se veiligheidskomitee hou 'n streng oog oor die wagte om te verseker dat hulle hul werk deeglik verrig. Veiligheidsmaatreëls word voortdurend onder die loep geneem en verskerp om 'n veilige en rustige verblyf in die oord te verseker. Veiligheid en sekuriteit is van die belangrikste aspekte in die oord.



© Oostvallei 2004/I

# Kliniek

Die sorgeenheid bestaan uit 'n siekeboeg vir eerstevlakversorging. Daar is ook 'n eenheid vir verswakte bejaardes. Voorsiening woord ook gemaak vir ouer persone wat steeds onafhanklik, maar binne onmiddelke bereik van verpleeghulp wil wees. Die kliniek is as 'n "step down clinic" geregistreer. Die voordeel verbonde aan registrasie is dat uitgawes van die mediese fondse geëis kan word.

Fisioterapie, massering en voet-en naelbehandelings word ook voorsien.

Die versorgingseenheid, wat binne die oord gelëe is, maak dit een van die oorwegings wat 'n mens definitief aan moet dink met die verkryging van behuising in so 'n oord. Altesame is daar twintig beddens waarvan daar altyd 'n paar beskikbaar gehou word vir inwoners uit die oord. 'n Groot voordeel van Oostvallei se sorgeenheid is dat dié sentraal geleë is binne die oord en maklik toeganklik is vir alle inwoners. Die voordeel dat as slegs een van die inwoners sou gebruik maak van die fasiliteite en bv. sou aansterk na 'n operasie, die ander inwoner in die gemak en veiligheid van die oord ten enige tyd 'n besoek kan gaan aflê. Die sentrale interkomsisteem, wat alle huise sowel as die sorgeenheid met mekaar verbind, bied in hierdie omstandighede, maar ook in noodsituasies, baie gemoedsrus. Opsioneel kan daar ook deur die aankoop van 'n panieknoppie, wat mens by mens kan rondra, gebruik gemaak word vir vinnige hulp. Hierdie is die kleiner dinge in die alledaagse lewe waaraan mens nie juis dink todat dit in werklikheid met mens self gebeur nie.

Buite pasiente van alle ouderdomsgroepe is ook welkom by dié sorgeenheid. Die fasiliteite is besonder goed geskik om bv. aan te sterk na 'n operasie. Die boomryke omgewing met al die waterstroompies en wandelpaadjies slegs etlike meter vanaf die sorgeenheid, skep 'n rustige atmosfeer – presies wat die dokters in so 'n tyd altyd voorskryf... Die vriendelike personeel is uiters bekwaam in hulle taak en sal verseker dat u verblyf baie aangenaam sal wees. Weens die gewildheid van Oostvallei se versorgingseenheid deur hospitaalpasiente in die omliggende omgewing, is dit wel noodsaaklik om 'n tydjie voor die tyd te bespreek om teleurstelling te vermy.

Kom vergewis uself gerus oor die hoë standaard van ons dienste en fasiliteite en kontak die sorgeenheid vir 'n afspraak, u sal sonder twyfel beïndruk wees.



**Bekende groot hospitale in die nabyheid van Oostvallei is:**

- Pretoria Oos Hospitaal
- Kloof Hospitaal
- Wilgers Hospitaal
- Faerie Glen Hospitaal



'n Groot verskeidenheid **apteke** is ook in die omgewing beskikbaar, wat op 'n 24uur basis bedryf word.


© Oostvallei 2004/1

# Restaurant

Inwoners uit die oord kan daaglikse 'n maaltyd in die restaurant geniet. Die etes word opsioneel aangebied en is geensins verpligtend nie. Elke wooneenheid het 'n eie vol toegeruste kombuis met 'n ooghoogte oond en stoof. Die etes in die restaurant word wel teen so 'n billike prys aangebied dat dit regtig veel eerder lonend is om hier 'n goed gebalanseerde maaltyd te kom geniet as om by die huis elke dag etes voor te berei.

Die eetsaal is baie populêr en word ook gereeld deur senior burgers in die omgewing ondersteun vir 'n smul lekker gebalanseerde ete teen 'n billike prys, sewe dae per week. Vroegtydige besprekings is noodsaaklik om teleurstelling te voorkom. Etes word daagliks vars in Oostvallei se eie kombuis voorberei en sodoende kan voorsiening gemaak word vir persone wat spesiale diete volg of vegetariese geregte verkies.

Vir privaatfunksies of familiebyeenkomste is daar 'n groot verskeidenheid geregte soos vingeretes met verskillende soet- en southappies om van te kies en te keur. Vir troues, verjaarsdae, spitbraaie, begrafnisse, teepartytjies en spesiale ontbytonthale, is Oostvallei se ligging ideaal met sy boomryke omgewing en ruim lokale. Veilige parkering is beskikbaar.





Die buitearea se houtdek kyk uit op die kabbelende waterstrome en is ideaal om met vriende 'n koppie filterkoffie of tee met lekker varsgebakte koek te geniet. Een van die kombuis se spesialiteite is die voorbereiding van 'n groot verskeidenheid koeke. Doelgemaakte- en troukoeke kan hier bestel word teen baie kompeterende pryse.







© Oostvallei 2004/1

# Funksies & Konferensies

### Lokale:

In die hoofgebou is daar 'n ruim vergadersaal en 'n eetsaal wat elk plek het vir ongeveer 100 persone. Die twee sale kan gesamentlik gebruik word, maar dan kan dit slegs as 'n vergaderplek of as 'n eetplek dien. In sodanige geval is dit meer prakties om dit vir 'n groep van 140 persone aan te wend eerder as 200, want dan is daar volop ruimte vir bedieningsareas. Daar is verder 'n sitkamer beskikbaar wat omskep kan word vir 'n vergadering of vir 'n private eetgeleentheid vir 40 gaste, met 'n kroegarea met ruimte vir 20 gaste aangrensend daartoe. Daar is ook 'n komiteekamer beskikbaar waar 12 persone in groot privaatheid bymekaar kan kom vir 'n ete of besprekinge.



### Bykomstighede:

'n Luidsprekerstelsel is in die vergadersaal en eetkamer geïnstalleer. Die vergadersaal is toegerus met 'n groot skerm (2,4 by 3,5 meter) en 'n truprojektor, sowel as 'n projektor wat met 'n rekenaar, videomasjien of DVD-speler gekoppel kan word. 'n Blaaibord en 'n kateder wat in enige lokaal gebruik kan word, is beskikbaar.



### Spyseniering:

Alle breekware, glase, eetgerei, tafeldoeke en versierings wat vir onthale benodig word, kan volgens ooreenkoms voorsien word. Dit geld ook vir die kos, snoeperye en drank. Geen eie voedsel of drank word toegelaat nie, tensy uitdruklik so ooreengekom, maar in die geval van eie drank sal 'n kurkfooi betaalbaar wees. Bediening sal volgens ooreenkoms geskied en indien tafelbediening verlang word, sal die koste van bykomende personeel deur die klient gedra word.





### Parkering:

Oostvallei is 'n sekuriteitsarea en beskik oor veilige parkering.







© Oostvallei 2004/1

# Sosiaal

Sosiaal
Sosiaal

Oostvalleiers is op sosiale gebied bedrywig met aktiwiteite soos funksies, byeenkomste, opvoerings en uitstappies wat wyd ondersteun word. Die maandelikse "happy hour", met unieke temas, het oor die jare baie gewild geraak onder die inwoners.

### Sitkamer, Kroeg & Saal



Daar is 'n groot skermsatelliettelevisie met 'n projektor en ook 'n kroegie vir die gene wat daar 'n drankie wil geniet. Daar is 'n biljarttafel en genoegsame patio's vir byeenkomste. Hier is gedurig iets aan die gang soos onder andere die weeklikse "rummy cup" of naaldwerksessies.

### Biblioteek



Die oord spog ook met 'n biblioteek met 'n groot verskeidenheid boeke wat by die jaar groter word deur skenkings wat van nuwe inwoners ontvang word.

### Koor



CELESTE, die oord se eie koor, tree telkens by funksies en ander geleenthede op.

### Kersete



Die jaarlikse Kersete en Paasfeesete is uiters gewild. Besondere moeite word gedoen om vir inwoners en gaste 'n fynproewersmaal voor te sit. Dis ook 'n guldige geleentheid om familielede te nooi vir ete sonder enige moeite by die huis.

### Klereverkope



Klereverkope lok baie belangstelling. Die klere is van goeie gehalte en word teen billike pryse aangebied. Verskillende maatskappye stel hulle produkte gereeld hier ten toon.

### Kombibussie




Alhoewel ons op 'n busroete geleë is, neem die oord se kombibussie twee keer per week inwoners na winkelsentrums om hulle inkopies te doen. Spesiale reëlings kan ook getref word vir gesamentlike uitstappies.

### Wandelroetes



Die gewildste aktiwiteit is wandelinge op die staproetes deur die oord vir daaglikse oefening. Die roetes kronkel tussen waterstroompies en onder deur reuse ou bome. Die tuin is 'n ware paradys!

www.oostvallei.com

## Bestuur

### Algemeen

Ingevolge die Wet op Behuisingsontwikkelingskemas vir Afgetrede persone (Wet No. 65 van 1988, soos gewysig) en die Regulasies wat ingevolge daardie wet in Goewermentskennisgewing R1351/1989, uitgevaardig is, is die Oostvallei-bestuursvereniging verantwoordelik vir die beheer, administrasie en bestuur van Oostvallei Aftree-oord. Alle persone wat 'n behuisingsbelang in Oostvallei Aftree-oord verkry, is outomaties lid van die Oostvallei-Bestuursvereniging en bekom daarmee inspraak in sy verantwoordelikhede, asook die reg op insae in sy rekords en finansiële state.

Die voornoemde wetlike verantwoordelikhede bring mee dat dit Oostvallei-bestuursvereniging se plig is om die gemeenskaplike geboue en die wooneenhede te verseker en die gemeenskaplike eiendom en die buitekant van die wooneenhede - met die uitsondering van die buitekant van die eksterne deure en vensters en warmwatertoestelle - asook alle installasies op die perseel, te onderhou en in goeie en diensbare toestand te hou. Die Oostvallei-bestuursvereniging moet ook die huishoudelike reëls afdwing en 'n register van sy lede byhou.

Ten einde hierdie pligte te kan uitvoer, beskik die Oostvallei-bestuursvereniging oor verskeie bevoegdhede soos om 'n heffingsfonds in te stel om die uitgawes verbonde aan die nakoming van sy verantwoordelikhede te finansier; werknemers en 'n bestuursagent aan te stel om die dienste te lewer waarop sy lede besluit, die fasiliteite te verbeter en uit te bou tot voordeel van al sy lede - trouens, om alles te doen wat nodig is om doeltreffende bestuur en administrasie in Oostvallei aftree-oord te verseker. Die Oostvallei-bestuursvereniging het ook die reg om by sy Algemene Jaarvergadering, 'n bestuurskomitee aan te stel om namens hom die verskillende verantwoordelikhede na te kom.

### Bestuurskomitee

Die bestuurskomitee bestaan uit sewe lede, waarvan vier ampsdraers die dagbestuur vorm. Die bestuurskomitee werk ten nouste saam met die ontwikkelaar wat, afgesien van die feitlik daaglikse interaksie met die komiteelede, ook die maandelikse vergadering van die komitee bywoon. Elk van die komiteelede is verantwoordelik vir 'n bepaalde portefeulje om doeltreffende bestuur in Oostvallei te verseker.

**Die onderskeie ampte en portefeuljes is:**

**Voorsitter:** Leidinggewing en eksterne skakeling.

**Ondervoorsitter:** Interne skakeling, welsyn en gesondheid.

onderhoud, instandhouding, herstelwerk en adminstrasie.

menslike hulpbronne.

**Addisionele lede:** Veiligheid, sosiaal en spyseniersdiens, huishulp- en tuindiens.





### Omskrywing van take

**Eksterne skakeling** behels alle skakeling na buite met byvoorbeeld owerheidsinstansies, ander aftree-oorde en die pers.



© Oostvallei 2004/1

Bestuur

**Interne skakeling** behels die skakeling met inwoners en hulle kinders of voogde.

**Welsyn en gesondheid** is gerig op die geestelike en fisiese toestand van inwoners en kan met georganiseerde goeie buurmanskap vergelyk word - 'n poging om inwoners by te staan wanneer dit nie met hulle goed gaan nie. Dit dek ook die reëlings met die versorgingseenheid, wat uitgekontrakteer is aan 'n mediese dokter en verpleegkundiges, maar tog basiese mediese dienste aan alle inwoners wat daarin belangstel lewer. Noodbystandsdiens van 24 uur is hierby inbegrepe.

**Finansies** dek die volle spektrum, van die opstel van die jaarlikse begroting tot die deurlopende toesighouding oor inkomste en uitgawes. Die bepaling van die maandelikse heffing word saam met die begroting by die algemene jaarvergadering aan die inwoners vir goedkeuring voorgelê. 'n Onafhanklike ouditeur gaan maandeliks die geldsake van die oord na en ge-ouditeurde state word jaarliks aan die inwoners voorgelê.

**Onderhoud, instandhouding en herstelwerk** met behulp van 'n terreinopsigter word ten opsigte van die verantwoordelikhede van die bestuursvereniging onderneem, dit word ook binne sekere perke, op versoek van die inwoners in hulle wooneenhede onderneem.

**Adminstrasie** sluit die gewone kantoorwerk in, maar ook die rekordhouding wat wetlik vereis word.

**Sekretarieël** behels hoofsaaklik die opstel van notules van al die verskillende vergaderings en die hantering van 'n wye reeks van korrespondensie.

**Menslike hulpbronne** gaan oor die werwing, aanstel, ontslag en pensionering van personeel, die opstel van dienskontrakte, die hantering van alle ander personeelsake insluitend dissiplinêre verhore. Met betrekking tot personeelaangeleenthede word van die dienste van 'n gekwalifiseerde arbeidskundige gebruik gemaak.

**Veiligheid** is 'n belangrike saak wat uit twee komponente bestaan. Eerstens is daar nie-mediese noodsituasies waarvoor daar 'n noodplan is wat by die Direktoraat Burgerlike Beskerming van die Munisipaliteit van Tshwane geregistreer is. Intern hanteer die veiligheidsubkomitee sulke sake in samewerking met blokleiers en assistentblokleiers wat in elk van die nege fases van die oord aangestel is.



Tweedens, is daar veiligheidsake waar gepoog word om die beste perimeterbeskerming, te handhaaf. Streng toegangsbeheer word gehandhaaf. Die sekuriteitsdiens is uitgekontrakteer, maar die hekwagte is persoonlik deur inwoners verder opgelei om te verseker dat hulle aan die oord se vereistes voldoen. Verder word gebruik gemaak van videokameras, elektriese omheining, alarms en ligte wat aanskakel as daar êrens gepeuter word. Waar die hoë omheiningsmuur afgewissel word deur 'n versterkte tralieheining, is beton gegooi om te verhoed dat onderdeur getonnel kan word en is die heining van onder tot bo geëlektrifiseer. Daar is verskeie ander maatreëls wat nie geopenbaar word nie.




© Oostvallei 2004/1

# Bestuur

Bestuur

Ten einde die **sosiale lewe** te stimuleer, word gereëlde uitstappies na opvoerings en optredes van kunstenaars gereël. Daarbenewens is daar verskeie groepe wat kaart, woordbouspeletjies en biljart speel. Die komiteelid wat verantwoordelik is vir die portefeulje sosiaal en spysenierdiens is hiervoor verantwoordelik en reël ook maandeliks een of ander gesellige sosiale byeenkoms, gewoonlik 'n tema-aand, waar inwoners na keuse met ander inwoners skouers kan skuur. Met 'n groot skerm en projektor beskikbaar, kan sportuitsendings of ander programme oor die televisie of rolprente saam in die vergadersaal gekyk word.

Die **spyseniersdiens** is uitgekontrakteer maar verskaf aan die inwoners en hul gaste baie billike middagetes. Die betrokke komiteelid hou 'n wakende ogie om te verseker dat die pryse altyd redelik bly en die gehalte goed is.

Weens veiligheidsredes word privaathuishulpe nie langer in die oord toegelaat nie en die enkele huishulpe wat nog in die Oord werk, word uitgefasseer. Hierdie diens word nou deur die bestuursvereniging aangebied en elke inwoner is geregtig op een skof van drie ure per week. Bykomende skofte kan teen 'n billike tarief by die administratiewe kantoor aangevra word. Hierdie diens word deur die kantoor bestuur, maar deur 'n komiteelid gemoniteer.

Om dieselfde rede word privaattuiniers ook nie langer toegelaat nie maar word 'n tuindiens onder toesig van 'n tuinopsigter gelewer. Afhangende van die grootte van die tuin, is inwoners geregtig op een uur of halfuurskof per week deur 'n tuinier in diens van die bestuursvereniging. Dit sluit nie die sny van gras in nie; dit word saam met die gemeenskaplike tuine gedoen. 'n Komiteelid is in beheer van hierdie diens.

## Subkomitee

Die bestuurskomitee word in die uitvoering van sy verantwoordelikhede bygestaan deur subkomitees bestaande uit vrywillige inwoners wat oor spesifieke kundighede beskik. 'n Belangrike oogmerk met die aanstelling van hierdie subkomitees, is om inwoner-inspraak en -betrokkenheid by daaglikse bestuur van die oord te verseker.

**Daar is die volgende subkomitees:**

Biblioteeksubkomitee
Finansiële subkomitee
Regssubkomitee
Tuinsubkomitee
Veiligheidsubkomitee
Welsynssubkomitee



Selfs waar subkomitees nie nodig geag word nie, word inwoners gereeld op grond van hul spesialis kundigheid genader om op 'n individuele grondslag bydraes te lewer. 'n Inwonende argitek sal byvoorbeeld gevra word om met bouwerk te help met die opstel van planne, terwyl oud-medici oor mediese sake geraadpleeg word. Op hierdie wyse word alle take op 'n professionele en doeltreffende manier gehanteer.




© Oostvallei 2004/1

# Verkope

Daar is 'n verskeidenheid eenhede by Oostvalei beskikbaar om van te kies soos byvoorbeeld een-, twee- en drieslaapkamereenhede met verskillende oppervlaktes wat wissel van 97 vkm tot en met 275 vkm vir die groter drieslaapkamereenhede. Al die huise het toesluitmotorhuise wat of los of vas aan die huis is. Die eenhede waar die motorhuis los is, het die voordeel dat daar 'n privaat tuin tussen die huis en die motorhuis is. Alle huise het hulle eie privaat tuine wat deur die oord uitgelê en onderhou word.

Eenpersooneenhede sonder 'n motorhuis is ook beskikbaar en daar word voorsiening gemaak vir genoegsame parkering. Al die eenhede in Oostvallei is op grondvlak met eie stoepe en tuine en lekker sonnige vertrekke. Oostvallei verkoop nie sommer net behuising nie, want hier vind u ten eerste die diens en sorg wat u toekom – en as 'n waardevolle byvoordeel kry u woonreg in 'n moderne en luukse woning op die grond, in die natuur, in 'n private tuin wat vir u versorg word.





- Dit is waar die mense regtig omgee – in 'n gemeenskap wat saamstaan.
- Oostvallei – die spogoord in die gesogte ooste van Pretoria.
- Professionele tuinuitlegte wat die hele oord in 'n tuinparadys omskep.
- Rustige en kommerlose verblyf in 'n private omgewing!
- In Oostvallei handhaaf u nie net u huidige lewenstandaarde nie, maar hier kan u maklik u lewenstyl verbeter!
- Slegs Oostvallei bied wat geen ander aftree-oord kan bied nie – lewenslange diens en gemoedsrus.
- Vindingryke tuine maak van Oostvallei Aftree-oord 'n ware lushof.
- Senior burgers kry gerief en gemoedsrus by Oostvallei.

Styl en gerief was gewis die sleutelwoorde in die beplanning van dié Aftree-oord. Net die beste boustof is gebruik. Elke vertrek spog met ruim ingeboude kaste – selfs in die badkamers. Die baddens is van glyvrye marmer en die teelwerk strek tot teen die plafon. Benewens die bad is daar 'n groot stort met 'n sitbankie wat ook vir 'n rolstoel geskik is. Die kombuis is ruim en het 'n ooghoogteoond, stoof en in sommige eenhede 'n spens. Elke woning het sy eie toesluitmotorhuis met bykomende ruimte en genoegsame parkering vir 'n tweede motor. Van die groter eenhede het selfs dubbel motorhuise. Wat tuinmaak betref, hoef inwoners ook nie 'n vinger te verroer nie, aangesien dit deur die instandhoudingspersoneel onderhou word.

### Wat is die regte keuse vir 'n Aftree-oord?

Om u swaarverdiende geld te beveilig en gemoedsrus op u oudag te hê, moet u noukeurig ondersoek instel, sê Mnr Heiner Meyer die ontwikkelaar van die Oostvallei Aftreeoord. Kragtens die Wet op Behuisingsontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone Nr 65 van 1988, soos gewysig, moet die eiendom van 'n Aftree-oord in die akteskantoor geëndoseer wees ten effekte dat dit die onderwerp van okkuasieregooreenkomste is. Dit kom kortliks daarop neer

Verkope

dat wat die eiendom betref, die inwoners meer regte besit en meer beskerming geniet as enige ander instelling of persoon, gelykstaande aan die bedrag van sy belegging. Daar is egter van die ander aftree-oorde wat voor die totstandkoming van die Wet begin is, en is die Wet dus nie op hulle van toepassing nie. In dié gevalle moet 'n mens baie streng na die skema kyk en dalk een of ander waarborg verkry ten einde aan die veilige kant te wees.

U moet veral seker maak dat daar nie 'n verband oor die eiendom geregistreer is nie. In gevalle waar Aftreeoorde in die moelikheid beland het, is die oorsake amper altyd die skuldlas wat deur onverantwoordelike ontwikkelaars daarop geplaas is. Die enigste veilige oplossing is soos in die geval van Oostvallei, waar daar hoegenaamd geen verband en geen skuld op die eiendom rus nie. Alles word op 'n kontantbasis gehanteer om sodoende sy inwoners se swaarverdiende belegging te beveilig.

Oostvallei word op die okkupasiereg-beginsel bemark. Indien dit op die Oostvallei manier hanteer word, is dit net so veilig soos 'n titel, of "kaart-en-transport", soos sommiges dit noem. 'n Ander veilige manier is deeltitel. Deeltitel is egter glad nie geskik vir 'n aftree-oord nie. Die ontwikkelaar van 'n deeltitelskema sal al die eenhede teen die hoogs moontlike wins verkoop en is dan nie meer betrokke nie. Die inwoners moet dan op hul oudag self sien regkom en self die oord aan die gang hou. Benewens die finansiële sekuriteit is die persoonlike veiligheid, gesondheidsorg, gemeenskaplike geriewe en 'n gelukkige samelewing met die ander inwoners belangrik. Dit is tog immers die laaste keuse van 'n tuiste en 'n mens maak die keuse om voortaan rustig en kommervry te lewe.





Oostvallei beskou homself nie as 'n ouetehuis nie maar wel 'n aftree-oord. Baie van die inwoners is net 50 jaar van ouderdom en werk selfs nog bedags. Die oord bestempel hom partykeer eerder as 'n vakansie-oord en nie 'n aftree-oord nie. Dit is inderdaad die kommentaar van baie mense wat die oord kom besigtig.



Senior burgers wat na gerief en finansiële sekuriteit op soek is, sal albei in die Oostvallei Aftree-oord in Garsfontein vind. Oostvallei is 'n private oord en het geen bande met finansieringsinstansies wat hulself ten koste van afgetrede mense wil verryk nie. Die oord is nie 'n deeltitelskema nie en die inwoners het dus volle seggenskap. Mense wat hulle spaargelde in 'n veilige belegging wil steek, hoef nie twee keer te dink voordat hulle die bestuur van Oostvallei nader nie. Die eiendom is ten volle betaal en daar is geen verband daaroor geregistreer nie. Aftree-oorde se eenheidspryse kan nie vergelyk word met 'n gewone meenthuis ontwikkeling nie, aangesien die infrastruktuur vir die oprigting van 'n Aftree-oord se koste implikasie baie hoër is as dié van 'n gewone ontwikkeling.


www.oostvallei.com

© Oostvallei 2004/1

# Padkaart







www.oostvallei.com

© Oostvallei 2004/1
w w w . o o s t v a l l e i . c o m

# oostvallei

AFTREE-OORD




© Oostvallei 2004/1